# RPO Markverslag


## Week 43 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R38.44 | 0.7% | 4.0% | 22.8% |
| A2 (R/kg) | R72.12 | 0.9% | -0.5% | 36.7% |
| B2 (R/kg) | R65.30 | 4.7% | 6.7% | 44.8% |
| C2 (R/kg) | R63.18 | 3.6% | 5.0% | 39.1% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 43 met 0.7% gestyg teenoor die vorige week en is tans 22.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan die volgehoue laer aanbod op speenkalwers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Februaie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in November rondom R37/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R41/kg behoort te wees nie. Dit moet in ag geneem word dat die prys tans die voorspelde vlak uitpresteer en tans tussen die voorspelde en die booste grens beweeg.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 43 met 0.9% gestyg teenoor die vorige week en is tans 36.7% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan `n sterker vraag soos wat ons in die somer maande inbeweeg. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou in November asook Desember, en stelselmatig kan begin daal soos die nuwe jaar aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November rondom 74/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R66/kg en nie hoër as R82/kg behoort te wees nie.


RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RPO

# RPO Markverslag

## Week 43 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R49.96 | -2.3% | 2.0% | 26.8% |
| A2 (R/kg) | R109.66 | 2.9% | 0.3% | 24.1% |
| B2 (R/kg) | R85.39 | 3.2% | -2.0% | 33.2% |
| C2 (R/kg) | R83.44 | 0.4% | -0.4% | 32.4% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 43 met 2.3% gedaal teenoor die vorige week en is sowat 26.8% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër aanbod van stoorlammers. Die verwagting is dat die prys moontlik kan daal tot in Desember en dan sywaarts beweeg in die eerste twee maande van die nuwe jaar. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in November rondom R48/kg te wees en nie laer as R44/kg en nie hoër as R53/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 43 skerp gestyg met 2.9% teenoor die vorige week en is ongeveer 24.1% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp styging, in reaksie op die vorige week se skerp daling, is iets wat gereeld in die lamkarkas mark waargeneem word weens onsekerheid oor die beskikbaarheid van slagbare vee in die mark. Die verwagting is dat die prys in November dieselfde sywaarts sal beweeg en dan stelselmatig begin styg in Desember. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November ongeveer R108/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R101/kg en nie hoër as R116/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*